

Vrydag 1 Februarie

Skrifgedeelte: Numeri 3

Fokusgedeelte: Numeri 3:40-51

Tydlike en permanente brûe

God se geregtigheid en heiligheid – groot woorde wat ons dalk só baie hoor dat dit sommer in die verbygaan weer deur ons vergeet word. Hierdie woorde bring nie altyd die volledige betekenis van wat dit behels na vore nie. Die geregtigheid van God, en wat ons voor Hom moet wees om enigsins voor Hom te mag verskyn, kan vergelyk word met die grootste en diepste kloof wat mens al ooit teëgekome het. Daar is geen manier vir ons om hierdie kloof te oorbrug nie.

Dit is wat God in sy genade tydelik vir die Israeliete gedoen het in vandag se teksgedeelte. Daar moes 'n manier wees vir die volk van die Here om tot Hom in sy heiligheid te nader. Daarom maak die Here dit moontlik vir die Israeliete. As 'n mens gaan kyk na die besondere moeite en detail waaraan die Leviete moes voldoen, hierdie hele proses, dan staan mens verstom voor God, ons kan nie anders nie.

Twee keer sê God vir Moses: "EK is die HERE!" Hierdie bevel is bedoel om die volk van die Here te wys hoe ernstig God is oor sy geregtigheid en heiligheid, maar dan daarmee saam dat Hy ook in sy genade vir die Israeliete die kans gee om tot Hom te mag nader.

Die eersgeborenes se diens by die tabernakel word vervang deur die Leviete se diens. Spesiale mense, vir spesiale diens. Net soos die eersgeborene van God later vir ons intree. Ons Here Jesus wat daardie kloof tussen ons en God heeltemal kom oorbrug, sodat ons voor God mag verskyn, deurdat Jesus ons wat gebreek en stukkend in ons sonde is, sonde op Homself geneem het.

Die tydelike brug van genade in die Ou Testament word vervul in die wonder van ons verlossing in Jesus Christus.

Sing: Psalm 130-1:1, 2

Ds. SJL Linde (Lohan) (Pretoria Wonderboom-Suid)